Oordenking
3 Maart 2010

Jesus is ons lig, ten spyte van die duisternis van die wêreld.

Volgens Joh 8:12, het Jesus gesê, "*EK IS die lig van die wêreld*".
Dis een van die sewe "EK IS" uitsprake van Jesus. Hy noem homself "EK IS" op dieselfde manier waarom God Hom "*Ek is wat Ek is*" genoem het, toe Hy Hom aan Moses by die brandende bos openbaar het. Jesus maak daarop aanspraak dat Hy God is, aan God gelyk is. Hy maak daarop aanspraak om 'n Persoon van die die heilige Drie-Eenheid te wees. Dink aan die woorde van Ps. 27: 1: "Die HERE is my lig en my heil". Jesus maak persoonlik aanspraak op wat die Psalmdigter oor die God van Israel sê.

"EK IS die lig van die wêreld." Johannes se Evangelie praat baie oor lig. Van die 72 keer wat die woord vir lig in die Nuwe Testament voorkom, word dit 33 keer in hierdie Evangelie gebruik. Kom ons dink 'n oomblik na oor hoe kosbaar lig in die tyd van Jesus was. Daar was geen kragstasies, elektrisiteit, batterye of gas beskikbaar nie. Almal het dus geweet dat Jesus op iets baie besonders aanspraak maak as Hy Hom die lig van die wêreld noem. Lig wat in die donkerte skyn waas kosbaar, want lig help om nie te val nie, nie seer te kry nie, nie te verdwaal nie en nie beroof te word nie.

Jesus is as lig na die wêreld toe gestuur, om dit van duisternis te red.
(Joh 8:12) "Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee."
(Joh 12:46) "Ek het as die lig na die wêreld toe gekom, sodat dié wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie."
In die Lydenstyd is ons baie bly daaroor dat Jesus ons lig is. Ons is bly dat Jesus ons van die greep van duisternis vry maak en ons na die lig toe bring. Ons vier dit, dat as ons Jesus volg, ons bevry sal word van die gevare van die duisternis. Ons is veilig in die lig van Christus. As jy werklik wil lewe, moet jy in die lig bly. Christus is die lig van die wêreld. As jy wil lewe, ja, ewig wil lewe, moet jy na Christus toe kom.

Maar, sê Johannes: (Joh 3:19-21) "*Die lig het na die wêreld toe gekom, en tog het die mense eerder die duisternis as die lig liefgehad, want hulle dade was sleg. Elkeen wat kwaad doen, haat immers die lig en kom nie na die lig toe nie, sodat sy dade nie aan die kaak gestel moet word nie. Maar wie volgens die waarheid handel, kom na die lig toe, sodat dit duidelik kan blyk dat sy dade in gehoorsaamheid aan God gedoen is.*"

Jesus is die lig van die wêreld. Nogtans is die menslike natuur liewer vir duisternis as vir lig, want ons werke is donker. Sonder Christus in ons harte is donkerte die plek waar ons tuis voel. Diep hierbinne is ons skaam oor wie ons werklik is en ons ons hoop dat die duisternis ons donker gedagtes, woorde, gesindhede en werke sal verdoesel. Ons is bang om oor ons donker lewens veroordeel te word en hoop die duisternis van die wêreld sal ons sondes bedek – wegsteek. Ons bedrieg onsself deur te dink as ons in die donkerte bly leef, sal God nie agterkom wie ons werklik is nie.

Om in "duisternis" te wees beteken om nie vir God en Christus te ken nie. Om in "duisternis te lewe" beteken om jou lewe volgens die reëls van die duisternis in te rig. Die verlore wêreld vrees die lig, want lig verdryf die donkerte en ontbloot ons diepste verleentheid oor ons verlange daarna om immoreel, selfsugtig en gierig te wees. Die duisternis wil ons oortuig dat ons nie hoef te verander nie, of ons te verootmoedig nie, of eerlik met onsself en met God te wees oor hoe verlore ons is nie en wat van ons geword het omdat ons sonder Christus lewe nie.

Die ongelowige wêreld verwerp Christus en bly in die duisternis. En in die duisternis is jy vir ewig verlore,
totdat jy na die lig toe kom - en Christus is die lig!